


KOM, VOLG MY

 Wel, nee, dit was voor Becky gebore is. En so het ek—ek gedink: “Wel, jy weet...” Ek—ek eet net ’n bakkie hawermout, kos tien sent. Wel, ek net... Hulle gee my my kaartjie, en teken dit net, julle sien, en ek het daarvoor betaal, dit teruggegee en ek handig dit in, omdat ek ’n kosterekening gehad het.

² En eendag toe ons ’n—’n vergadering van patrolliemanne gehad het. “Goeiste,” het hulle gesê: “wie is hierdie gek wat so iets soos dit ingegee het?” Sien? Die—die opsiener, julle weet: “Tien sent vir ’n ontbyt?” So dit lyk baie goedkoop teenoor die ander kêrels, julle weet. Party van hulle het ’n dollar ingegee, julle sien. Twee dollars vir middagete. En ek het net presies ingegee wat dit was.

³ “Wel, het ek gesê: “Wel, nou, dis nie nodig vir my om in te gee nie. Wat sou ek maak as ek net tien sent eet?”

⁴ Mnr. Fields, wat die assistent superintendent was, hy het gesê: “Billy, gee ’n dollar in, in elk geval, ten minste.” Gesê: “Dis wat die res van hulle doen.” Gesê: “Jy moet dit aanmekaar hou.”

⁵ “Wel,” het ek gesê: “ek—ek eet nooit meer as net ’n bakkie hawermout nie, en dis waarvoor ek vra.”

Gesê: “O, moenie, moet dit nooit doen nie.”

⁶ Wel, toe het ek gedink: “Wat sal ek daarmee maak?” Toe het ek vyftig sent vir ontbyt gevra. Toe het ek veertig sent daarvan geneem, as ek enigiets wou spandeer, dit vir ’n paar kinders op die straat gegee. ’n Paar kinders, julle weet, wat gelyk het asof hulle ’n ou toebroodjie, toebroodjie, ook nodig gehad het. Wel, ek het gedink miskien mag ek... Reg, dit was die maatskappy, self, wat so met my gepraat het. Dit was ’n man van die maatskappy.

So, ek het gedink: “Miskien het ek iets verkeerd gedoen.

⁷ So hier nie lank gelede nie, met ’n patrollieman... Nou patrolleer hulle met helikopters, julle sien. So hy het verbygekom en hy het gestop. Hy het gesê: “Sê, Broer Branham,” gesê: “hierdie boom groei.”

Ek het gesê: “Ja.” Ek het gesê: “Die kinders speel onder dit daarbuite.”

Hy het gesê: “Kan ons dit top?”

Ek het gesê: “Ja, maar moet dit nie afkap nie. Sien?”

Hy het gesê: “Wel, ons wil dit graag afkap. Ons sal jou daarvoor betaal.”

⁸ Ek het gesê: “Nee. Nee. Wil nie hê julle moet dit afkap nie.” Wel, ek ken die wette van toegang, ook, julle weet, want ek was

sewe jaar daarop. Ek het gesê: “Nee.” Ek het gesê: “Wil nie hê dit moet gekap word nie, maar jy kan dit top.” Ek het gesê: “Ek—ek hou dit getop, maar,” ek het gesê: “jy kan. Jy kan dit top as jy wil.” Ek het gesê: “Ek, ek en Broer Woods, gaan dit top. Ons top al hierdie ander hierlangs.” En ek het gesê: “Maar ons wil dit daar hou as gevolg van die kinders, Joe en hulle, jy weet, klein kêreltjies wat onder daardie boom speel.”

⁹ Ek het vertrek op 'n reis. Toe ek teruggekom het, was hy afgesaag en weggevat. O, wat 'n hofsaak sou dit gewees het vir die maatskappy, julle sien, vir die saag van daardie boom, julle sien. En so het ek gedink: “Nou,” het ek gesê: “Here, ek sal dit nie eens noem nie.” Sien? As daar enigiets is wat ek—wat ek, op daardie, partykeer ingegee het: ‘net tien sent se waarde geëet het, en vyftig sent moes ingee.’” Sien? Ek het gesê: “As daar enigiets daarop is, laat dit dit opmaak, sien, dat—dat ek—dat ek dit ingegee het, julle sien. Dat ek...” En ek het ophou droom van in die Openbare Werke Maatskappy wees toe, sien, want dit moes iets daaragter in gewees het.

Ons moet dophou wat ons doen. Ons moet dit eendag ontmoet.

¹⁰ Kinders, wat hiernatoe kom. Jou ma was daar, nou die dag, Trudy. Ek reken jy het nie, jy het nie geweet nie. Hierdie is soort van 'n verrassing, kan ek sien. En jy maak gereed om te gradueer. En ons het hierdie reis hiernatoe saam meegemaak. Ek sal nou in 'n diens ingaan, onmiddellik na hierdie diens. En ons gaan huis toe gaan.

¹¹ Ek het gedink dit sou 'n goeie kans wees om met julle almal te praat, en toe ook gedink dit sou goed wees om net 'n bietjie met die kinders te praat voor julle graduering. 'n Vers uit die Bybel lees, en net met julle praat uit my hart, vir omtrent tien minute. Ek sal uit julle pad glip. Sien?

¹² Voordat ek met die kinders praat, wil ek net graag ook 'n oomblik met die grootmense praat, almal van julle. Dis nou, miskien, miskien 'n vermoeiende reis, was dit. Maar die ondervinding wat ek van God geleer het, ek sou nie tienduise dollar neem vir wat ek geleer het van die Here vandat ek hier was nie. Ek glo waarlik ek het in volle gehoorsaamheid gekom van die opdrag van die Allerhoogste, en ek—ek hoop ek kan altyd so bly. En daar's 'n...

¹³ Toe ek gekom het, een ding, was deur 'n visioen, dat ek bokant Tucson gestaan het hierbo, toe 'n—'n ontploffing afgegaan het. Wel, Broer Fred was daar toe dit afgegaan het. En hulle het daardie foto nou geneem, julle weet, in die lug. En ek het nie veel daaroor gedink nie, dit nooit opgelet nie. So dit het my nou die dag op 'n manier begin beïndruk. En Broer Norman, Norma se pa hier, het vir my gesê, gesê: “Het jy dit opgelet?”

14 En net terwyl ek gekyk het, net daar was daardie Engele net so duidelik as wat hulle kan wees, wat net daar in daardie foto gesit het. Sien? Ek het gekyk om te sien wanneer dit was, en dit was tyd, dieselfde, omtrent 'n dag of twee tevore, of 'n dag of twee nadat ek daarbo was. Ek het gekyk waar dit was. “Noord-oos van Flagstaff, of Prescott, wat onder Flagstaff is.” Wel, dis net waar ons was, sien, net presies.

15 “Ses-en-twintig myl hoog.” Wel, waterdamp kan nie bokant—bokant vier, vier myl hoog gaan, of vyf, vog, enige soort mis of enigiets, wat jy sien nie. Vliegtuie vlieg op negentien duisend. Dis om bokant al die wolke te kom, julle sien. En negentien duisend is omtrent vier myl hoog. Hierdie is ses-en-twintig myl hoog, en dertig myl breed, en in die vorm van die piramiede, as julle na die foto gekyk het.

16 En aan die regterkant, soos ek julle gesê het, het ek opgelet, besonders, daardie Engel. Daar is Hy, bors uit, vlerke terug, wat reguit inkom, net presies soos dit is. Ek het dit nooit opgelet toe Hulle eers . . . Daar was soveel dinge.

17 Net afgekom met die pad nou die dag, het daar iets met my gebeur wat met my gepraat het oor die ding wat ek—ek moet doen. En dis—dis nie my boodskap nie.

18 Eenkeer, het Leo Mercier gesê, gesê: “Broer Branham, die tyd sal aanbreek hierna,” gesê. . . omtrent vyf of ses jaar gelede, miskien sewe, gesê: “die Here gaan jou bediening verander, Broer Branham.” En gesê: “Wanneer Hy dit doen, sal jy waarskynlik net hospitale oplyn, en hulle uit die—die beddens spreek en dinge.” Dit het nie reg geklink nie, hoewel ek glo Broer Leo het probeer om opreg te wees daaroor.

19 Maar dit het net nie reg geklink nie, want, sien, ons Here Jesus het dit nooit gedoen nie. Sien? En Hy het in die hospitale ingegaan. Daar was een in daardie hospitaal. Onthou julle waar dit was in die Bybel? Die bad van Betesda. Groot menigtes van swak mense wat daar gelê het, verlam, blind, uitgeteer, in afwagting vir die Engel. Nou, dit was in 'n geestelike hospitaal waar mense gewag het vir Goddelike genesing. En hier het die Goddelike Geneser Self ingekom en een genees en uitgestap. So jy kan nie verwag 'n sterflike mens, of 'n bediening moet voortkom, wat enigszins groter sou wees as wat daardie was nie. Sien? Ek kon nie daarmee saamstem nie.

20 Maar soos ek begin omdraai het, het die Heilige Gees oor my gekom. Ek het vir Leo gevra vir 'n pen. Ek het 'n stuk papier gekry, en ek het dit geskryf. Dis in sy karavaan vandag, as julle ooit daar is waar dit is. Dis daardie ou aluminium karavaan waar ek die laaibesigheid gehad het. Net soos wat jy in die deur ingaan, is daar 'n rak aan die regterkant, reg voor in die karavaan. Dit lê daaronder. Ek het dit daarbo gesit. Gesê: “Eendag kan jy dit uittrek. ‘God sal nooit die bediening verander nie, maar

Hy sal die man met die bediening verander.” Dis wat gedoen moet word.

²¹ Sien, ek—ek het geweet wat ek moet doen, maar ek—ek—ek kan nie, ek kan dit nie doen in die toestand waarin ek nou is nie. Want, ek moet . . . Iets moet met my gebeur, dit sal God neem om dit te doen.

²² Ons beplan om terug te gaan huis toe. Kinders verlang na die huis. Almal van hulle wat wil teruggaan. So ek beplan om hulle terug te neem, as die Here wil, miskien na die diens Saterdag, en so terug te gaan. Van daar af, weet ek nie. Maar ek weet sodra daardie iets binne-in my gebeur, wat my anders teenoor die mense sal laat voel as wat ek nou voel. Ek het die—die mense verwerp, sien, en ek—ek wou niks meer met hulle te doen hê nie. Julle weet wat ek bedoel, wat ek “ricky, ricketta,” noem, hulle het die dinge gehad wat hulle gedoen het. Ek het met al die opregtheid gepreek, en God het dit bevestig op elke manier. “En as hulle dit nie wou glo nie, wel los hulle dan uit.”

²³ En ek het daar opgegaan, om aan te sluit by Bud hierdie komende herfs, daar te begin safari's doen. Te wag in die wildernis, my hare en baarde te laat uitgroei. En as die Here wou hê ek moet êrens heen gaan, sou Hy vir my 'n woord stuur, en ek sou afgaan en dit doen.

²⁴ En op die pad, aan die inkom nou die dag, het Hy my gestop. En ek het gesien waar die . . . wat van my sou word. Ek—ek is nou op my pad na iets anders. En ek het gedink, wanneer ek by die huis kom, sou ek wat ons noem 'n hart-tot-hart gesprek hê, dit miskien op band sit, en dan en sodat die publiek sou sien waarom die skielike verandering.

²⁵ Nou, julle kinders, laat ons net . . . Laat ons 'n woordjie van gebed hê.

²⁶ Here Jesus, ons is dankbaar vir hierdie tyd, om te weet dat ons hier vergader is, die jong en oud, en die middeljarige. En ons het vergader, hierdie kant van Ewigheid, om nog eenmaal te praat van U en die dinge wat betrekking het op Ewige Lewe.

²⁷ En hierdie jongelinge wat hierbinne sit vanaand, party van hulle gradueer, party van hulle het alreeds gegradueer. Maar ek besef, Here, iets wat gebeur het net 'n paar uur voor daardie groot skok, of groot ontploffing, wat plaasgevind het in die berg daarbo, noord van Tucson, toe die Engele van die Here afgekom het. Ek onthou wat gesê is, en—en veral van die jongmense. Ek bid U, Here, om ons te help om te verstaan. En mag ek in staat wees om iets te sê aan hierdie jongmense, vanaand, wat hulle sal help met die reis. Want, Here, ons het almal daardie hulp nodig op hierdie tyd.

²⁸ Seën ons saam. Vergewe ons sondes. En as enigiets wat ons gedoen het vandat ons hierbuite was, wat U nie behaag het nie, bid ons dat U ons daarvoor sal vergewe. Want ons besef, vandag,

dat ons geen-geen waarborg van môre het nie. Ons weet nie wat môre bring nie. Ons moet vandag voorbereid wees om môre te ontmoet. En, Vader God, daar is net een manier wat ons weet om dit te doen, dis, om voor te berei om U te sien, want mettertyd besef ons dat ons dit almal gaan doen. En ons moet dit een of ander tyd ontmoet, of in vrede, as vriend of kind, of as 'n vyand. Verre sy dit, Here, dat ons enigiets anders sal wees behalwe U Eie geliefde kinders. Skenk hierdie dinge wat ons vra, in Jesus se Naam. Amen.

²⁹ Vandag, terwyl ek onkruid uitgekapt het, baie vroeg vanmôre, het ek 'n plek in die Bybel gevind, wat ek gedink het 'n goeie ding sou wees om te lees op hierdie tyd. En dis 'n . . . mag nie te vreeslik toepaslik wees nie, maar ek het gedink net vir . . . net 'n—net 'n paar minute, om te praat. Ek wil dit lees uit die 18de hoofstuk van Lukas. Al vier Evangelie skrywers het daarvan geskryf. Die 18de hoofstuk en die 18de vers.

En 'n sekere owerste vra hom, en sê: Goeie Meester, wat moet ek doen om die Ewige Lewe te beërwe?

En Jesus antwoord hom: Waarom noem jy My goed? Niemand is goed nie, behalwe een, naamlik God.

Jy ken die gebooi: Jy mag nie egbreek nie; jy mag nie doodslaan nie; jy mag nie steel nie; jy mag geen valse getuienis gee; eer jou vader en . . . moeder.

En . . . sê: Al hierdie dinge het ek gedoen, en hulle onderhou van my jeug af.

En toe Jesus dit hoor, antwoord Hy hom: Nog een ding ontbreek jou — verkoop alles . . . jy het, en verdeel dit onder die armes, . . . jy sal skatte in die hemel hê; . . . kom, volg My.

³⁰ Ek dink, die woord: *Kom, Volg My*, dit sou die beste raad wees wat ek kon gee as ek gepraat het met tienduise kinders, of as ek gepraat het met net waarmee ek praat. Dis 'n opdrag, en die grootste ding wat ek dink wat ooit aan enigiemand aangebied is, en veral 'n jong persoon: “Volg My.”

³¹ Jy gaan iemand volg. Nou, jy net . . . Julle kan dit onthou. Jy gaan iemand volg. En die manier wat jy daardie persoon volg, wees seker dat, wie daardie persoon volg. Sien? Ons . . .

³² Paulus het eenkeer gesê: “Wees volgelinge van my soos ek van Christus is.” Met ander woorde: “Net soos ek Christus volg, volg julle my.”

³³ En nou, by hierdie draaipunt, hierdie—hierdie stadium van die lewe waarby ons almal kom. En baiekeer het julle my hoor skree “ricky, ricketta,” en dinge. Dit, dis die eeu. Dis die eeu waarin ons lewe. Dit is nie regtig daardie mense nie.

³⁴ Daardie mense is mense soos ons is. Daardie kinders hierbuite met hierdie sportmotors, wat op-en-af ry in die pad,

en aangaan soos hulle maak, sigarette rook en drank drink, en meisies wat onsedelik aangetrek is, en dinge, daardie is seuns en meisies soos ons is. Sien? Hulle is mense. Hulle het lief. Hulle eet. Hulle drink. Hulle slaap. Hulle haal asem. Hulle moet sterf. Hulle is mense net soos ons is. En tog is hulle . . .

³⁵ Hulle is van 'n bose gees besete. Hulle weet dit nie. Nie as gevolg van—van die mense nie, maar as gevolg van, partymaal, een of ander leier wat hulle gevolg het wat hulle in die verkeerde pad gelei het.

³⁶ Nou, julle meisies en seuns weet beter as dit. Julle weet. Julle is beter as dit geleer. Julle het beter ouers, beter opleiding as om so—iets soos daardie te doen. Julle weet beter.

³⁷ Maar nie hulle nie, sien, want die kerke waarnatoe hulle gaan, is moderne kerke, modernisties. En hulle—hulle lewe net vir die dag, meer gewild. En, o, goeiste! Wat's . . . Die sedes het deug geword vir hulle. Sien? So hulle, wat . . . Soos ek eenkeer gesê het, in 'n opvoering wat ek hieronder gesien het, nie lank gelede nie, van Sodom en Gomorra, dat hierdie bose besete vrou vir—vir Lot gesê het: “Wat jy onsedelik noem, noem ek deug.”

³⁸ Jesus het gesê: “Soos dit was in die dae van Noag, so sal dit wees by die koms van die Seun van die mens.” So ons is weer terug by daardie plek.

³⁹ Kom ons kyk na hierdie kêrel, vir 'n paar minute, waarvan ons gelees het. Sonder twyfel dat hierdie kind gebore was in 'n goeie huis, soos julle kinders was. Hy was grootgemaak met goeie ouers. Want, dit het dit bewys, toe Jesus vir hom die gebooie van God voorgehou het. Hy het gesê: “Ek het hulle onderhou van my jeug af.” Dit het gewys dat hy gehad het, hy was. Hy is reg grootgemaak. Hy was nie net 'n optelkind nie. En julle weet, hy—hy is grootgemaak om te weet wat reg is. Kinders soos julle almal is. Waarskynlik grootgeword onder 'n godsvresende ma en pa, om—om—om hom reg te leer, toe hy 'n kind was. Wel, dis goed.

⁴⁰ Miskien, as 'n babatjie, het sy ma hoë ambisies vir hom gehad om 'n groot man te wees eendag. Sy pa was geld werd wat hom kon onderrig, en—en hom 'n opvoeding gee wat hy kon. Hy sou uitkom met 'n goeie geleerdheid en in staat wees om iets in die wêreld te wees. En met die opregtheid van hierdie ma en pa, wat hierdie kind geleer het, en miskien gekom by sy graduasietyd soos julle het, sien, die tyd toe hy deur die skool gegaan het, en sy geleerdheid ontvang het. Sonder twyfel was hy waarskynlik die trots en vreugde van—van daardie moeder en vader se lewe. Sonder twyfel, in daardie dae, het hy goeie perde gehad, soos julle outomobiels het, en 'n goeie pa en ma, soos julle almal het, wat daarvoor sorg, dat julle goeie klere kry, en—en 'n motor, en kan . . . en net die lewe geniet, net iets soos julle vandag het.

⁴¹ En die pa en ma met die . . . wat voortdurend bid dat—dat hulle seun nie net 'n gewone man sou wees nie, dat hy 'n

buitengewone man sou wees. Alle ouers wil dit hê. Het julle gehoor Jesus verwys na daardie gebooie daar: “Eer jou vader en jou moeder,” en toe stop? Sien? En dis die ambisie van enige ouer, om die beste te doen vir hulle kinders, wat hulle kan, hulle op te voed, hulle dinge te gee wat hulle nie in staat was om te hê nie. Dis hoe ek voel oor my kinders.

⁴² Ek dink, partymaal, in skool toe gaan, nou; ek dink, stuur Becky en Sarah en Joseph in hierdie hoërskole en dinge in, waar al hierdie aanganery is? Ek het gedink ek sal hulle neem en agter in die berg ingaan, en—en hulle daar grootmaak met die . . . soos die Indiane lewe.

⁴³ Maar hier is wat dit is. Wat in die kind is, gaan uitkom. Maak nie saak waar dit is nie, dit gaan, dit gaan uitkom. As dit kwaad daarbinne is, sal dit uitkom in die Indiaanse kamp. As dit goed daarin is, sal dit uitkom in enige kamp. Sien? Dis wat in die kind is, die samestelling van die kind, wat aan jou binnekant is. En wat julle nou is, gaan julle waarskynlik die res van julle lewe wees. Julle is by ’n verandering.

⁴⁴ Weet julle wat? Ses-en-tagtig persent van die bekerings tot Jesus Christus, word gedoen voor een—en—twintig jaar oud. Dit wys dit. Statistiek wys dit. Ses-en-tagtig persent wat na Christus toe kom, kom voordat hulle een-en-twintig is. Jy, nadat jy verby daardie ouderdom gaan, word jy meer gevorm of geset in jou weë. O, dis moontlik, sekerlik. Hulle kom, sewentig, tagtig jaar oud, maar dis baie raar. Sien?

⁴⁵ Jy maak jouself wanneer jy jonk is. Jy stel jou ambisies tot wat jy wil doen, en wat jy probeer bereik in die lewe. Jy dink daaraan. En soos jy dink, natuurlik, jou verstand, word dit voorgestel in jou verstand deur ’n onbekende iets wat—wat jou verstand domineer. En dan wanneer dit in jou verstand kom, dan spreek jy dit, dat jy dit gaan doen. En dan dryf jou ambisies jou daarnatoe.

⁴⁶ So, moeder en vader, wat verwag het dat hierdie jongman, ook, sy ambisies groot moes wees, genoeg geld om dit uit te voer. En dan, sonder twyfel, gebed dat hierdie—hierdie jong kêrel daardie geleentheid sou—sou kry. Julle sien, hulle—hulle het alles gedoen wat hulle kon doen. Hy wat waarskynlik goeie perde gehad het, en—en miskien baie gewild was onder die vroue.

⁴⁷ En wat sou geld vir die man, sou geld vir die vrou, en andersom, sien, want ons praat van menslike lewe, siele, beide mans en vroue.

⁴⁸ En dan, na al hierdie geleentheid wat die seun gehad het, sien, het hy op “gemakstraat” beland, soos ons dit noem, op ’n plek waar hy nie oor te veel bekommerd hoef te gewees het nie. Sy ouers het geld gehad. Hy het . . . Hy was baie . . . Hy het ’n heerser geword. Die Bybel verwys hier daarna, van die . . . as die jong, ryk jong heerser. En ons sien die . . . Op ’n jong ouderdom, miskien in

sy tienerjare, net uit die skool uit, net uit graduasie uit, miskien, 'n paar weke tevore, of iets, het hy geword . . . Hy's 'n heerser, en hy het alles gehad wat die hart kon begeer.

⁴⁹ En die seun was geen moderne ricky nie. Hy is 'n goeie kind. Ek glo, toe Lukas daarvoor geskryf het, of Markus, glo ek was dit, het Jesus na hom gekyk en gesug, want Hy het hom liefgehad. Sien? Daar's iets omtrent die kind. Daar was 'n mooi persoonlikheid gekoppel aan hierdie kind. Waar het hy vandaan gekom? Uit 'n goeie familie wat vir hom die gebooie van God geleer het, en toegesien het dat hy hulle onderhou het. En hy het dit gedoen, van sy jeug af.

⁵⁰ En die seun het 'n ambisie gehad; hy wou Ewige Lewe hê. Hy het gesê: "Goeie Meester, wat kan ek doen om die Ewige Lewe te beërf?"

⁵¹ Sien, van alles wat jy in die wêreld het, tog sê die siel binne-in jou vir jou daar is iets wat jy nodig het, wat jy nie het nie. Net deur rykdom . . . Of, dit hoef nie altyd rykdom te wees nie. Dit kan wees, gewild, 'n mooi meisie, sy het haar skoonheid waaraan sy kan dink. Miskien is sy baie gewild in die skool. Miskien kan die seun enige meisie kry wat hy wil hê. Hy voel dat hy soort van veilig is. Dis nie veiligheid nie. Dit sal vergaan net soos die blom in die veld. Sien? Dit sal vergaan. Sal nie lank wees nie. Net 'n paar draaie van die son, is dit weg. Dan het jy 'n siel wat Ewiglik moet lewe.

⁵² En hierdie jong kind moes 'n mooi persoonlikheid gehad het, want hy het homself voorgestel aan die Here Jesus, in die wete dat hy gebuig het op sy knie. Hy het gesê: "Goeie Meester, wat kan ek doen om die Ewige lewe te kry?"

⁵³ Hy het gesê: "Waarom noem jy My goed," gesê: "wanneer jy weet dat daar net Een goed is, en dis God?" Sien? Wat het die jongman hierin uitgedruk? Dat Hy God was. Sien? Hy het gesê: "Jy ken die gebooie. Onderhou hulle."

 Gesê, so hy het gesê: "Watter gebooie, Meester?"

⁵⁴ Hy het gesê: "Die gebooie van 'eer jou vader en moeder,' ensovoorts."

⁵⁵ Hy het gesê: "Dit het ek gedoen, van my jong dae af. Sien, ek het dit gedoen."

⁵⁶ Hy het gesê: "Jy kom nog een ding kort. Gaan, verkoop wat jy het, en verdeel dit onder die armes, en volg My."

⁵⁷ Wat 'n geleentheid! Dit kon Petrus, Jakobus, of Johannes, een van hulle gewees het. Sien, die kind is reg opgelei en grootgemaak, en voorgestel aan Christus, om hom te gebruik. En al die potensiale wat hy in hom gehad het, om te gebruik, waarskynlik geleerd, jonk, ryk, invloedryk, waar hy die Evangelie kon aangebied het, en Dit steeds geweier. Wat 'n—wat 'n onbesonne ding was dit vir daardie jong seun! Sien?

58 “Volg my.” Nou, sien, hy moes iemand volg. Nou, hy moes óf die invloed van die mense volg waarmee hy geassosieer het, die invloed van een of ander jong dame, een of ander invloed van ’n groep seuns waarmee hy geassosieer het, sy kollegas in die skool, óf Jesus Christus volg. In al sy goedheid, tog het hy geweet hy het nie Ewige Lewe gehad nie.

Kinders, dis waaraan julle moet dink. Sien?

59 Nou kyk na die seun vanaand, wat hy kon gewees het, en wat hy is, wat hy vanaand is. Hy is iewers. Hy was ’n man. Hy is iewers. Hy wag op die Oordeel. Hy wag om die Oordeel van daardie Dag te trotseer, vir die weiering van dieselfde geleentheid wat aan julle kinders gebied word, amper onder dieselfde omstandighede; goeie kinders, goeie persoonlikheid, goeie vaders en moeders, wat julle het, hoef nie eens te werk as julle nie wil nie. Sien?

60 Maar daar is iets anders wat daarmee saamgaan. Daar is iets wat daarmee saamgaan. Daardie Woord, vanaand, sterf nooit. Dit is steeds ’n uitdaging vir elke jong man, elke jong vrou: “Volg my.” Sien?

61 Woorde sterf nie. Wanneer jy ook al enigiets spreek, onthou net, of dit in jou motor is in die geheim, of dit in die preekstoel is, of dit onder op die straathoek is saam met jou kêrel of meisie, wat dit ook al is, dit sterf nooit. Dit—dit moet vir altyd lewe.

62 Toe ek daardie meisie gesien het wat ek . . . nou die aand in die visioen, mooi jong meisie, Hollywood aktrise, en haar sien sterf het, aan die uitreik, om te probeer hulp kry. Sy het gesterf in ’n hartaanval, Mej. Monroe. En dan was dit twee jaar gelede. En ek het haar sien sterf. En twee dae later het sy gesterf.

63 Toe, nou die aand, het ek daardie meisie se stem gehoor. Hoe? Die kinders het vir my gesê: “Pappa, jy gaan af met daardie River Of No Return, die heelyd.” Gesê: “Daar’s ’n toneelstuk soos daardie aan, vanaand.” Hulle het vir my gesê ’n sekere aand wat dit op sou wees, ’n week of twee voor die tyd. Ek het gedink: “Wel, ek wil dit sien, want ek was af met daardie rivier, twee of drie keer; omtrent vyf keer, dink ek.” Wel, ek—ek wou dit sien.

64 En Mej. Marilyn Monroe het dit uitgespeel. Wel, dit was die meisie wat ek in die visioen gesien het. En daar was sy, op film, en die aksies, die eerste toneelspel wat sy gespeel het met The “River Of No Return,” toe sy daardie film gemaak het, miskien vyftien jaar gelede. Dit was ’n ou film, miskien twintig jaar gelede. En sy is al twee jaar dood. En daar is sy weer, lewendig, elke aksie en elke woord. Sien? Dit is steeds so vasgevang in magnetiese band, totdat dit weer lewe.

65 Nie net dit nie, maar alles wat ons sê is lewendig. Elke woord wat ons spreek, kan nie sterf nie. Daar kom nou woorde deur die kamer, vorms van mense. Televisie tel dit op. Jy kan net hier praat, en hulle hoor jou om die wêreld, daardie selfde sekonde.

Selfs voordat jy dit in hierdie kamer kan hoor, gaan dit om die wêreld, deur elektronies.

⁶⁶ En God se groot skerm tel dit op. En elke beweging en elke optrede wat jy maak, jy moet dit ontmoet by die Oordeel. Sien? So, jong kêrel, dis 'n goeie ding om te stop, aan hierdie dinge te dink, sien, want jy gaan dit weer ontmoet. Sien?

⁶⁷ Laat ons hierdie jong man volg, die geleentheid wat hy gehad het, en jouself in sy plek plaas. En 'n meisie, net soos dit Becky en Marilyn is, net soos net dieselfde soos wat jy in sy plek gestaan het, en jy daardie Stem kon hoor wat steeds lewe.

⁶⁸ Dit lewe steeds. Dit beweeg steeds. Die wetenskap sê: "Binne twintig jaar van nou af, sal hulle Sy letterlike stem optel wat Hy gespreek het tweeduisend jaar gelede." Dit lewe steeds. Soos 'n klippie wat in die oseaan val, die golf hou nooit op nie. Dit gaan na die oewer, duisende van myle, en keer terug.

⁶⁹ Wanneer 'n stem eenmaal gespreek word in die lug, soos daardie, sterf dit nooit. Daar is niks wat jy kan sê by die Oordeel nie. Dis reg daar. Daar sal die Stem van Jesus Christus wees wat daardie jong man vra: "Volg My," en hy wat wegdraai, op die skerm, bedroef, omdat hy baie besittings gehad het. Sien? Ons mag miskien nie eens . . . Hoef nie altyd geld te wees nie. Dit kan ander dinge wees. Sien? Enigiets wat ons meer kosbaar ag as wat ons daardie roeping ag, sien, dit word soos 'n geld vir ons. Dit word iets wat ons korrupteer.

⁷⁰ Nou laat ons hom 'n bietjie volg. Wat gebeur wanneer hy wegdraai? Hy het nie geluister na daardie Stem van Christus nie. Hy het saam met sy vriende gegaan.

⁷¹ Wat, julle kinders, julle is almal goeie kinders, en julle sal beslis vriende hê, maar hou dop watter soort vriend jy het. As daardie vriend Christus volg, gaan saam met daardie vriend. Volg Christus, ook. Maar as dit dit nie doen nie, moet dit nie doen nie.

⁷² Kom ons kyk na hom. Ons vind uit, hy het miskien sy vriende gehou. Hy het 'n groot heerser geword. Hy was 'n heerser, toe. Later, vind ons hom so vooruitstrewend, totdat hy—hy—hy ekstra skure moes bou om sy goed in te sit. En toe het hy vir homself gesê, nadat hy oud geword het, en die sorge van die jong lewe en dinge verbygegaan het, al wat hy gedoen het, miskien, om te onthaal.

⁷³ Toe, as 'n ou man of 'n ou vrou, soos ek, my vrou, julle ma's en pa, is daar kwalik enigiets waaraan hulle kan dink. Hulle kan nie, wil nie uitgaan en—en op-en-af hardloop in die strate, julle weet, soos—soos jong kêrels sou, en jong vroue nie. Afsprake, en wie gaan jou vrou of jou man wees, of, sien, hulle het nie dit in hulle gedagtes nie. Hulle, hulle het kinders, hulle is geïnteresseerd. Dit gaan julle almal wees, môre, as daar 'n môre is. Sien?

⁷⁴ En kyk die kêrel, dan, met miskien . . . Miskien het hy nooit eens getrou nie. En, hoewel, hy was 'n groot heerser. En hy het gesit op . . .

⁷⁵ En soos dit was in Jerusalem, nog, vandag, eet hulle bo—op die huis, hierdie tyd van die dag, wanneer dit koel word, buite in die aand.

En ons vind nog 'n karakter voorgestel saam met hom; 'n bedelaar.

⁷⁶ En die man, grootgemaak om—om die naaste te eer, en aan ander te doen soos wat hulle aan jou moet doen. Sien, deur die roeping van Christus te weier, uiteindelik . . . Gelyk asof, 'n seun wat grootgemaak is in 'n huis soos daardie, dit hom nooit sou verlaat het nie, maar dit het. Dit het.

⁷⁷ En daar het 'n man gelê by die poort, met die naam van Lasarus, wat tevergeefs by hom gebedel het vir kos. Hy sou die krummels geëet het wat hy afgegee het, nie eens vir die bedelaar nie, maar vir die honde. En was vol sere. Maar die man was so verfynd in die gemeenskap, totdat, hy geen gevoel meer gehad het nie. Hy het afgestomp geraak, omdat hy daardie aanbod van Christus geweier het.

⁷⁸ En miskien een aand, hierdie tyd, met die instel van sy heildronk met goeie wyne, en pragtige vroue, met juwele, om hom, en sulke goed, met al wat sy harte kon begeer, en heildronke ingestel. 'n Bedelaar wat by die poort lê.

⁷⁹ En voor die daglig gebreek het, die volgende oggend, was hy in die hel, aan die skree vir daardie Lasarus, om water op sy tong te kom sit. Die verandering van die toneel.

⁸⁰ En julle let op, toe hy gesê het: “Vader Abraham,” nou, hy het steeds onthou dat Abraham die vader van die Jode was. Hy het gesê: “Vader Abraham, stuur daardie bedelaar Lasarus hiernatoe met 'n bietjie water op sy vinger, om op my lippe te sit. Hierdie vlamme is verterend,” het hy gesê.

⁸¹ En Abraham het gesê: “Dis, ek kan dit nie doen nie,” in soveel woorde. “En behalwe dit, jy sien, jy het jou geleentheid in die lewe gehad.”

⁸² Wanneer het hy dit gehad? Toe Jesus gesê het: “Volg My.” Maar hy het dit geweier. Hy het op die weg gegaan waar hy kon geld maak. En dis alles in die haak, niks verkeerd met geldmaak nie, maar volg Jesus terwyl jy dit doen. Sien? En hy het na die ander kant toe gegaan, saam met die skare.

⁸³ En julle vind uit, hy het gesê, Abraham het gesê: “Behalwe dit alles, daar's 'n kloof tussen jou en hom, waaroor geen man ooit gegaan het nie, en nooit sal nie. Hulle wat daar is, kan nie hiernatoe kom nie, en hierdie hier, kan nie daarnatoe gaan nie. Dit is vasgestel. Geen mens het oorgedaan of sal oorgaan nie.”

⁸⁴ Luister toe na hom. Hy wou toe 'n evangelis wees. Die roeping wat Jesus hom gegee het, om—om Hom te volg, het, en om 'n sielewenner te wees, as 'n jongman, het toe weer na hom teruggekeer. Hy het dit onthou, dat hy vyf broers gehad het, en terug op die aarde, en wou hulle nie in daardie plek hê nie.

⁸⁵ Hy het gesê: “Stuur Lasarus, dan, terug om my broers te sê om nie hiernatoe te kom nie. Met ander woorde: ‘Aanvaar die roeping: “Volg My.”’” Sien?

Maar Hy het gesê: “Hulle, hulle sal dit nie doen nie.”

⁸⁶ Hy het gesê: “Ja, as een sou opstaan uit die dood, soos Lasarus, en teruggaan en hulle vertel.”

⁸⁷ Julle sien, dit wys dat, nadat ons sterf, jy steeds by jou bewuste is. Hy het onthou. Abraham het gesê: “Seun, onthou, in jou dae.” Sien? Jy onthou steeds. Jy verloor nie jou geheue nie. Jy onthou.

⁸⁸ En die herinneringe wat daardie man kon hê, en steeds in dieselfde plek, die geleentheid onthou wat hy Jesus hoor sê het: “Volg My.” Maar hy het die verkeerde persoon gevolg, die verkeerde groep. Hy het in die verkeerde groep beland, en na die verkeerde plek gegaan, opgeëindig in die verkeerde Ewigheid; vernietig te word op daardie Dag, deur God vir ewig.

⁸⁹ Jesus het ook 'n groot treffende woord gespreek: “‘Al staan een op uit die dood en gaan terug, sou hulle steeds nie oortuig word nie. Want, hulle het Moses se wet gehad, en as hulle nie daarna wou luister nie, dan sou hulle nie luister nie, al sou een uit die dood opgerig word. Hulle sal nie oortuig word nie.’”

⁹⁰ Waarom? Waarom? Het die wet iets soos dit gespreek? Ja. “Doen aan andere wat jy wil hê hulle aan jou moet doen.” En hy het onder die wet gelewe. Maar hy het die bedelaar by die poort laat sterf. Sien? Hy het—hy het onder die gebooie van God gelewe, en tog nie daardie groot Ewige Lewe gesien nie.

⁹¹ Kinders, julle, elkeen, is soos myne. Julle, elkeen, is net soos my seuns en dogters. Op 'n manier, is julle, sien, geestelik gesproke. Dis reg. Die Here God het—het julle siele in my sorg geplaas, omdat julle kom, na my luister. Julle glo my. Sien? En in een sin van die woord, is julle my seuns en dogters. Dis reg.

⁹² Onthou altyd, om die gebooie van God te onderhou, is 'n groot ding. Om grootgemaak te word in 'n goeie huis, is 'n erfenis van God. En om goeie kinders met persoonlikhede te wees, soos julle het, goed. Wonderlik, om 'n geleerdheid te hê. Dit is wonderlik om selfs te lewe in hierdie vry land. Ons het baie dinge om voor dankbaar te wees.

⁹³ Maar daar's een ding wat jy nie net erf nie. Jy moet Dit aanvaar. Dis Ewige Lewe. En jy doen dit net deur Jesus te volg, deur 'n wedergebore ondervinding. Moet dit nie nalaat nie.

94 Storiëtjie wat ek eenkeer gehoor het, van 'n man wat was, o, hy was arm. En hy—hy wou altyd hê. . . Dis 'n feevertaaltjie, soortvan. Dit het egter altyd by my gebly. En eendag het hy 'n blom gepluk. En die blom was betower, en die blom het hom geantwoord, en gesê: “Jy was jou hele lewe lank arm.” Hy het gesê: “Nou vra wat jy wil, en dit sal vir jou gegee word.”

95 Hy het gesê: “Daardie berg oorkant sou oopgaan, en ek daarin kan gaan en die goud in die berg vind.”

96 “Wel,” het hy gesê: “jy sal my saam met jou moet neem waar jy ook al gaan. Sien? Jy sal my saam met jou moet neem. So, waar ek ook al is, dan kan jy vra wat jy wil.”

97 Hy het na die berg toe gestap, en die berg het oopgegaan, en hy het ingegaan. Die rakke was vol goud en diamante, soos die feevertaaltjie gaan. Hy het die blom neergelê op 'n—op 'n tafel of 'n klip. En hy het gehardloop, hy het 'n yslike groot edelsteen gegryp, en hy het gesê: “Ek móét dit vir my vriende gaan wys. En nou is ek 'n ryk man. Ek het nou alles. Ek moet dit wys.”

98 En so het die blom gespreek: “Maar,” gesê: “jy het die belangrikste ding vergeet.”

99 So hy hardloop terug en sê: “Wel, miskien sal ek-sal ek 'n stuk goud kry. Ek sal 'n stuk silwer kry.” En so het hy gesê: “Ek sal-ek sal vinnig uitgaan, om vir die mense te vertel hoe ryk ek is en wat ek alles het.”

100 En hy het by die deur gekom, en die blom het gesê: “Maar jy het die belangrikste ding vergeet.”

101 So hy hardloop weer terug. Hy het gesê: “Hierbinne vind ons alles soveel materiale.” So, hy het 'n klip opgetel. Hy het gesê: “Ek sal uitgaan, hierdie klip saamneem en die mense wys uit watter soort klip hierdie berg gemaak is, sodat ek weer my pad kan terugvind daarnatoe.” Sien?

102 En hy het begin uitgaan by die deur, en die blom het gesê, vir die . . . sy laaste keer: “Jy het die belangrikste ding vergeet.”

“O,” het hy gesê: “o, bly stil.”

103 Sien, hy wou dit nie meer hoor: “Vergeet die belangrikste ding,” nie, en hy het by die deur uitgehardloop. En toe hy het, het die deur agter hom gesluit, met die blom aan die binnekant. Die belangrikste ding was die blom. Sien? Die belangrikste ding was die blom.

104 Jare gelede, as 'n kind, soos wat julle almal hier is, beesplaas hier bokant, bokant Phoenix. Ek het 'n gedeelte gelees, van prospekteer, 'n koerant oor 'n prospekteerder. Toe, was daar geen paaie toe hierdeur nie, net sandpaadjies. Hulle doen nog baie prospektering hierbinne, julle weet.

105 Maar hierdie prospekteerder het ingekom, en hy het 'n klomp geld gevind, en 'n klomp goud getref. En op sy pad in, het hy

in 'n hut gebly wat hy gevind het. En hy het 'n hond saam met hom gehad, en, die—die hond, vasgemaak aan die buitekant. En daardie nag, was daar 'n skelm wat hom gevolg het, om hierdie goud te kry. Hy het dit opgetel in die ou Spaanse myne, en hy het ingekom daarmee. En die hond het begin blaf.

¹⁰⁶ En die man wou nie gepla word deur daardie hond nie. Hy het gesê: “Bly stil.” Hy het gesê: “Môre, sal ek dit inneem, na—na die stad.” En ek sal. . . Die les van die storie was dit. “En ek sal dit laat weeg, en ek sal 'n ryk man wees. En ek sal groot motors koop. En ek sal alle soorte vroue en groot partytjies hê. Ek sal 'n ryk man wees, omdat ek alreeds die kleim gevind het. Ek het die goud hier, baie daarvan.” En gesê: “Ek sal. . .”

¹⁰⁷ En terwyl hy probaar het om te gaan slaap, het die hond aanhou blaf, omdat die hond die skelm sien naderkom het, nadersluip, wag vir die prospekteerder om te gaan slaap.

¹⁰⁸ Hy het weer opgestaan, en weer op die hond geskree, gesê: “Bly stil.” En die arme hond het gekerm en probeer om sy meester te vertel, dat gevaar op die loer—loer was. En toe hy. . .

¹⁰⁹ Die volgende keer, toe die hond begin blaf het, het die prospekteerder 'n haelgeweer gehad. Hy wou nie gepla word nie, so hy het net opgestaan en die hond geskiet. En die prospekteerder is doodgemaak daardie aand, deur die skelm. Al sy mooi drome het hom glad nie gehelp nie. Waarom? Hy het die stem stilgemaak wat hom gewaarsku het.

¹¹⁰ Daar is niemand wat enigiets kan probeer doen, julle kinders, sou nooit in staat wees om enigiets verkeerd te doen, nadat julle grootgemaak is soos julle is, sonder dat jy iets voel wat vir jou vertel om dit nie te doen nie. Nou, moet nooit daardie stem stilmaak wat jou waarsku nie.

¹¹¹ En onthou altyd, aanvaar daardie Stem wat gesê het: “Volg My,” en jy sal altyd reg uitkom. Ek glo julle sal. Ek het vertroue in julle. Maar onthou net altyd dat Jesus, daardie Stem, lewendig is in die aarde vanaand.

¹¹² Net dieselfde, soos elke stem en elke woord wat ons gespreek het, steeds lewe, wanneer daardie stem uitgaan op die etergolf van die lug. Die. . . Sien, jy het 'n sender hier wat dit uitstuur. Jy is die sender wat dit uitstuur. Nou neem dit die stasie om dit op te vang.

¹¹³ En Jesus was die Sender van God se Woord, want Hy was die—die drie-eenheid van God, gemanifesteer in een Man. Hy was volledig God en volledig Mens.

¹¹⁴ En die drie-eenheid van God, die drie-eenheid van die eienskappe van God, as Vader, Seun, en Heilige Gees te wees, is voorgestel in daardie een Man, Jesus Christus. So, daar, Hy was die Woord.

¹¹⁵ En Hy was die Sender wat gesê het: “Hy wat My Woorde hoor, en aan Hom glo wat My gestuur het, het die Ewige Lewe.” Sien? “Voorwaar, Ek sê vir julle, hy wat My Woorde hoor, en aan Hom glo wat My gestuur het, het die Ewige Lewe.” Nou, daardie Woord het uitgegaan uit ’n Sender. Hy het gesê, eendag: “Voorwaar, Ek sê vir julle, as julle vir hierdie berg sê: ‘Word verskuif,’ en nie in julle hart twyfel nie, maar glo dat wat julle gesê het, sal gebeur, kan julle kry wat julle gesê het.”

¹¹⁶ Nou, as julle net die stasie kan wees om Dit op te tel, deur een of ander beheer binne-in julle, deur geloof, sal dit julle reg in die siklus van God inbeweeg, na die nuwe Geboorte, en wedergebore word. Dan sal julle altyd in kontak wees, om daardie Stem te hoor wat julle altyd sal waarsku wanneer gevaar naby is. Wanneer dinge verkeerd is, verkeerd gaan, sal Dit altyd ’n waarskuwing vir julle wees. En dan, in plaas van om eendag soos daardie ryk jongman te wees, waarvan ons praat; wees ’n man soos apostel Petrus, Paulus, of iemand wat siele gewen het vir Jesus Christus. Doen julle dit, kinders.

Kan ons bid?

¹¹⁷ Here Jesus! Jeug, mans en vroue vir môre, as daar ’n môre is. Ons moet hulle oplei, Here. Ons voel daardie las, om hulle op te lei, asof daar ’n môre sal wees. As daar nie is nie, dan is vandag die dag.

¹¹⁸ En dan, Vader, weet ons dat geeneen aanvaar word voor U aangesig nie. Geen vlees kan roem nie. Geen geleerdheid, hoe goed hierdie dinge ook mag wees, geen goeie werke nie, geen godsdienstige inrigting nie, geen sielkunde nie, geen niks kan God bevestig behalwe die Heilige Gees nie. Hy is die Instrument, God Self, in die vorm van die Ewige Lewe, wat na ons kan kom as ’n individu. En ons is dankbaar hiervoor.


¹¹⁹ Is waar uitgedruk toe Petrus die belydenis gemaak het. Jesus het vir hom gesê: “Vlees en bloed het dit nooit aan jou openbaar nie. Jy het dit nooit in ’n kweekskool geleer nie. Jy het dit nooit in een of ander skool geleer nie.” Dis ’n persoonlike ding, iets wat elke individu moet ontvang. U het gesê: “Op hierdie rots sal Ek My kerk bou, en die poorte van die doderyk sal nie in staat wees om dit te oorwin nie.” Ons is dankbaar daarvoor, Here.

¹²⁰ Daardie Stem lewe steeds vanaand. En daar is steeds poste, buiteposte, luisterposte, ontvangstasies, van geloof, wat Dit kan aanvaar. Ons bid dat elkeen van hierdie kinders Dit sal ontvang, Here, in hulle harte. En onthou dat, nie wat hulle doen om goed te wees nie, maar hulle. . . God beoordeel ons nie deur wat ons doen nie, maar deur wat ons aanvaar het. Ons word gered deur ons geloof, en nie in ons werke nie. So ons bid, Hemelse Vader, dat hulle nou die visie sal kry, en daardie groot Ewige uitnodiging sal sien en hoor, van: “Kom, volg My.”

¹²¹ Mag elkeen van hulle, Here, wegdraai van al die dinge van die wêreld, hierdie sterflike, verganklike lewe. Soos hulle hier is vanaand, en hulle goue blonde hare, en party van hulle met hulle swart hare, en donker oë, en blou oë, en sit in hulle heel beste van wat hulle ooit sal wees.

¹²² En soos die groot skrywer gesê het: “Onthou jou Skepper in die dae van jou jeug, terwyl die bese dae nie naby kom nie. Dan sal jy geen plesier in hulle hê nie.” Hoe, Here Jesus, U vir Petrus gesê het: “Toe jy jonk was, het jy opgestaan en gegaan waar jy wou, maar wanneer jy oud word, dra iemand jou na waar jy nie wil gaan nie.” Laat hulle onthou: “Nou is die dag. Hierdie is die tyd.” Skenk dit, Vader.

¹²³ Ek eis elkeen van hulle, as my eie kind, hier vanaand, tot elke kind hierbinne. Ek voel dat U hulle in my hande geplaas het, om oor hulle te waak. Ek eis hulle almal, van Satan en van die dood, tot Lewe in Jesus Christus. Amen.

¹²⁴ Seën julle, kindertjies. Baie lekker om 'n paar woorde vir julle te sê. En ek sal agtertoe gaan, Billy. Gawe kinders, waardeer julle. Broer Fred, die Here seën jou. Here seën jou, suster. 

KOM, VOLG MY AFR63-0601
(Come, Follow Me)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Saterdagagaand, 1 Junie 1963, by 'n Huis Diens in Tucson, Arizona, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2013 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS, SOUTH AFRICA OFFICE
58 DISA ROAD, ADMIRAL'S PARK, GORDON'S BAY 7140 WESTERN CAPE
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. Box 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. Box 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org